BEELD, Motor Beeld
Thursday, 21 June 2007, p. 12

Nuus

Monte Carlo in Parktown. Hollard-versekering, wat die hoofborg is vir die Shelby Can-Am nasionale renreeks, het verlede Donderdag sy interne pad omskep in 'n renbaan in die kleine. Die doel van die dag was om die groep se personeel te vermaak en om mense meer bewus te maak van die renreeks. Die reeks is aanvanklik ontwerp om alle jaers 'n gelyke kans te gee en was bedoel vir deelname in Amerika en Kanada, vandaar die Can Am-benaming. Die Shelby-renmotors kan tot 300 km/h haal en is dus een van die vinnigste enkelsitplek-renformules in die land. Foto: NOEL DE SILVA